Donderdag **11 Januarie**

**Skrifgedeelte: Eksodus 12:1-28**

**Fokusgedeelte: Eksodus 12:23 (AFR83)**

**Deur die bloed van Christus is ons vrygekoop**

God maak Homself op besondere wyse aan die mens bekend. God openbaar Homself op ’n wyse wat die mens kan begryp. God is soveel groter as wat die menslike verstand ooit kan begryp of ons sintuie ooit kan waarneem.

Daarom is die Pasga ook ’n kosbare simbool waarop God in die eenvoud aan ons die rykdom van die evangelie bekendmaak. In afwagting op die tiende plaag word die Pasga ingestel. Die tyd, plek en wyse van die Pasga word duidelik gemaak. Die instruksies is so eenvoudig dat dit byna onmoontlik is om dit verkeerd te doen. Daar word niks ekstreem of onmoontlik van die mens verwag nie.

Die lam moet geslag word en dan moet die bloed gesmeer word aan die kosyne van deure. Die lam moet dan geëet word. In die wyse waarop ons die voorskrifte van die maaltyd lees, sien ons die dringendheid wat by die mens gekweek word. Wees gereed vir die reis. Ons sien dus hier die redding is op pad.

Die bloed aan die kosyne dien as die herinnering dat die inwoners van daardie huis gehoorsaam is aan God. Die huis word dan gespaar wat onder die bloed staan. Die deure wat die getuienis dra dat die lam geslag is, sal nie die straf van God dra nie. God het die opdrag gegee en die volk het geantwoord in gehoorsaamheid. Elkeen wat die getuienis gedra het dat die lam geslag is, het die dood vrygespring.

Die bloed het reeds gevloei en daarom is daar nie weer dood in daardie huise gewees nie. Op hierdie kosbare wyse kan ons verseker wees van die volmaakte offerlam wie se bloed vir ons gevloei het. Ons hoef nie meer die ewige dood te vrees nie, want deur die bloed van Christus is ons vrygekoop om die lewe te kan ontvang.

*Sing: Skrifberyming 10:1, 2*

*Ds. PF Venter (Peter) (Hoëveld/Witbank)*